



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 12 Mei – Handeling 9 : 36 - 43

Stil word en aanbidding: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Jy loop iemand raak wat vir jou vra: "hoe gaan dit? Leef jy of bestaan jy net? Wat sal jy antwoord? Lees Psalm 23 as 'n gebed. Dink na oor wat die Psalm al in jou lewe beteken het?

Woord: Die boek Handeling beskryf op indrukwekkende wyse die stelselmatige ontvouing van God se plan vir die verlossing van mense van regoor die destydse bewoonde wêreld - vanaf Jerusalem tot in Rome as die vervulling Christus se belofte in Hand. 1:8. God bepaal die verloop van hierdie heilsplan in die geskiedenis. In die toesprake van o.a. Petrus en Paulus word daar herhaaldelik daarna verwys. God het vooraf bepaal dat Jesus aan die Jode oorgelewer sou word, dat hulle Hom sou doodmaak en dat Hy Jesus uit die dood sou opwek. Lees nou teen dié agtergrond Handeling 9:36-43 aandagtig deur.

Gesprek

1. Maak 'n lys van selfs die fynste besonderhede waarvan melding gemaak word oor die siekte en skok oor die heengaan van Tabita. Vergelyk hierdie hartseer gebeure met die vooruitgang en die suksesse van die gelowiges waarvan daar melding gemaak word in Hand. 9:31. Ondanks die groei van die kerk in Handeling, is daar nog die laaste vyand, die dood, wat 'n impak op gelowiges het. Bespreek hierdie twee kante van die ervaring van 'n geloofsgemeenskap: die *groei en sukses aan die een kant*, maar ook die *verlamme impak van siekte en dood op 'n geloofsgemeenskap*.
2. In die bokamer by Dorkas (Tabita) se liggaam vind Petrus die wenende weduwees, waarskynlik deel van die armes in die geloofsgemeenskap en die bedroefdes wat almal geliefdes aan die dood afgestaan het. Skets vir mekaar 'n prentjie van hierdie gemeente en die onderlinge verhoudings. Wat val julle op?
3. Laat vir 'n oomblik julle verbeelding gaan en stel julleself die vreugde en die blydskap voor toe Tabita voor die weduwees en die ander gelowiges gebring is. Vertel wat jy sou sê, dink en reageer. Wat weet ons van Tabita en wat kan ons by haar leer? Watter verskil sal dit maak as ons haar voorbeeld ernstig begin navolg? Haar lewe vra: hoe sal jy hierdie vraag antwoord: "*What will it take for me to make a good life, and not merely a good living?*"

Doen dinge : Joppe was 'n berugte en rowwe plek. Tog was dit die plek waar Tabita 'n verskil gemaak het. Waar is julle Joppe? Hoe kan julle daar 'n verskil maak?

Afsluiting: Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf. Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.